



LAERSKOOI SONOP

SELFOONBELEID:

Dit het vir ons as skool 'n noodsaaklikheid geword om 'n Selfoonbeleid daar te stel.

In die lig van verandering, vernuwing, veiligheid of op aandrang van hulle ouers het dit 'n onafwendbare noodsaaklikheid geword dat sommige leerders gedurende skoolure 'n selfoon in hulle besit moet hê. Om dus 'n "Geen selfone by die Skoolbeleid" te volg, is nie prakties haalbaar in 'n tegnologies gevorderde samelewing nie.

Ouers en leerders moet egter die kompleksiteit van die probleem besef en eerder saam met die skool werk as om deel van die probleem te wees.

Ons besef dat selfone vir sommige ouers en leerders noodsaaklik is, maar dat daar riglyne moet wees ten opsigte van die gebruik daarvan tydens skoolure.

Ouers wat verkies dat hul kind/ers selfone by hulle moet hê, moet hulself deeglik vergewis van die onderstaande beleid ten opsigte van selfone.

Die leerders mag slegs in besit wees van selfone onderhewig aan die volgende ordereëls en regulasies.

Streng navolging van die ordereëls en regulasies is noodsaaklik.

Besit van 'n selfoon by die skool word beskou as 'n voorreg en dit kan te eniger tyd verbeur word indien 'n leerder nie die bepalings van die beleid nakom nie.

Daar word 'n ernstige, dog vriendelike beroep op u as ouers gedoen om toe te sien dat leerders, indien moontlik, **NIE hul selfone skool toe bring **NIE**.**

SELFOONBELEID:

A. WAAR DIT VIR LEERDERS NOODSAAKLIK IS OM SELFONE BY HULLE TE Hê. GELD DIE VOLGENDE ORDEREËLINGS EN REGULASIES:

1. Selfone moet nooit op plekke gelaat word waar dit kan wegraak of gesteel word nie en moet verkieslik aan die lyf gedra word.

2. Selfone **MOET** altyd afgeskakel (nie op silent wees nie) en uit die oog wees tydens:
- Saalbyeenkomste
 - Op die speelgrond, voor en na skool en tydens pouses
 - In die klaskamers , detensieklas sowel as kleedkamers
 - Tydens klaswisseling
 - Gedurende sportlesure
3. Leerders aanvaar volle verantwoordelikheid vir die bewaring en sekuriteit van hul selfone. Laerskool Sonop neem geen verantwoordelikheid vir diefstal, beskadiging, verloor van selfone of enige ongemagtigde oproepe wat op 'n selfoon gemaak word nie.
4. Gesteelde selfone moet by die SAP aangemeld word, sodat hulle die saak kan ondersoek. Geen ondersoeke van die skool se kant sal gedurende skoolure gedoen word nie, aangesien kosbare onderrigtyd verlore gaan.

LET WEL: Leerders moet hulle weerhou van die versoeking om hul selfone aan te skakel tydens skoolure, op enige plek op die skoolterrein van Laerskool Sonop en nie dit ligtelik as 'n "speletjie beskou of ek gevang gaan word of nie." Maak u kind attent daarop dat daar altyd oë en ore is wat hoor en sien.

Selfone mag dus slegs **NA SKOOLURE, BUIE DIE SKOOLTERREIN** aangeskakel en gebruik word.

B. <u>SPEZIALE VERGUNNING:</u>

'n Leerder mag gedurende skoolure sy selfoon op die skoolterrein gebruik, slegs in uiters noodsaaklike en dringende gevalle en slegs onder die volgende voorwaardes:

- Die selfoon word in die teenwoordigheid en met toestemming van 'n personeellid aangeskakel
- Die oproep, boodskap word in die teenwoordigheid van 'n personeellid gemaak, gestuur.
- Die selfoon word direk daarna in die teenwoordigheid van die personeellid afgeskakel en gebêre.

C. <u>ALGEMEEN:</u>

1. Geen leerder mag sy/haar ouers self bel as hulle siek is nie. Die ouers word uit die kantoor geskakel en leerders word by die kantoor afgehaal.
2. Die reëls wat geld vir selfone, geld ook vir CD-spelers, MP3-spelers, I-pods, oorfone en ander elektroniese toerusting. Slegs **tydens eksamen** sal spesiale vergunning vir die gebruik van elektroniese toerusting (nie toerusting waarmee oproepe gemaak of internet gebruik kan word nie), gegee word.
3. Dit is die skool se standpunt dat kamerafone in sekere situasies die individu se reg op privaatheid skade kan berokken.
4. Kamerafone kan ook gebruik word om persoonlike inligting te misbruik. Daarom word die gebruik van 'n selfoon se kamera- of videofasiliteit **ten strengste verbied**.
5. Leerders mag nie gedurende skoolure foto's, videomateriaal, animasies of notas van onwettige aard op hul selfone aflaai of as kykstof aan ander leerders aanbied nie.

D. <u>BAIE BELANGRIK:</u>

1. As 'n leerder hom/haar op die skoolterrein skuldig maak aan swak, onaanvaarbare taal of pornografiese materiaal op sy/haar selfoon sal die selfoon **dadelik** gekonfiskeer en veilig bewaar word, (slegs deur 'n opvoeder, die adjunkhoof of skoolhoof) waarna die ouers / voogde **onmiddellik in kennis gestel sal word.**
2. Leerders wat hul **die eerste keer** skuldig maak aan enige oortreding van die genoemde ordereëls en regulasies se selfone sal vir **een week gekonfiskeer** word (slegs deur 'n opvoeder, die adjunkhoof of skoolhoof) , in 'n register aangeteken word en veilig bewaar word. **Die selfoon sal slegs, na een week, aan die ouer of wettige voog van sodanige leerder oorhandig word.**
3. Enige verdere gebruik van selfone strydig met hierdie ordereëlings en regulasies sal, na die **tweede oortreding**, daartoe lei dat die selfoon deur die skool gekonfiskeer word (slegs deur 'n opvoeder, die adjunkhoof of skoolhoof) in 'n register aangeteken word en veilig bewaar word tot aan die einde van die betrokke kwartaal. **Die selfoon sal slegs teen die einde van die kwartaal aan die ouer of wettige voog van sodanige leerder oorhandig word.**
Let wel dat dit oor die leerder se tweede oortreding gaan, ongeag of dit 'n ander / geleende selfoon is.

4.

4. Geen onderhoude , met wie ook al, in 'n poging om 'n leerder se selfoon vroeër terug te gee, sal toegestaan word nie.
5. Sou daar, in alle onwaarskynlikheid, 'n **derde oortreding** plaasvind, sal die leerder **disiplinêr deur die Bestuursliggaam van die skool aagekla word.**

E. TER AFSLUITING:

1. Ons as personeel van Laerskool Sonop, doen 'n vriendelike dog ernstige beroep op u as ouers, sowel as die leerders om saam met ons te werk eerder as teen ons.
2. Die suksesvolle implementering van hierdie selfoonbeleid is gewis onderhewig aan die positiewe samewerking tussen personeel, leerders en ouers.
3. Ondersteun ons asseblief onvoorwaardelik in die verband.
4. Probeer, sover prakties moontlik, eerder dat u kind se selfoon tuis bly. Dit gaan die hartseer van 'n verlore/gesteelde selfoon voorkom.
5. Monitor die inhoudelike op u kind se selfoon op 'n gereelde basis. Leerders beskik oor gevorderde selfone wat hulle toelaat om foto's, prentjies, video-snitte, skyfies ensovoorts. maklik van en na mekaar te kan stuur.
6. Ouers is dikwels nie bewus van wat op hul kinders se selfone is nie.
7. Die selfoonbeleid is daar om ons leerders te beskerm en nie om hulle regte in te kort nie.
8. Baie dankie dat ons op u samewerking en ondersteuning kan staatmaak.

**AANVAAR DEUR DIE BESTUURSLIGGAAM VAN LAERSKOO
SONOP KRAGTENS 'N BESLUIT GENEEM TE LAERSKOO SONOP,
DESPATCH OP 15 SEPTEMBER 2011.**

T.F. STRYDOM
SKOOLHOOF
2017-01-11